# Wandel deur die Gees (2)



AGS Rayton
Past Gustav van Aardt
2022-07-10

## Inleiding

Gen 1:1  In die begin het God die hemel en die aarde geskape.

Gen 1:2  En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters.

Gen 1:3  En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig.

Gen 1:4  Toe sien God dat die lig goed was. En God het skeiding gemaak tussen die lig en die duisternis;

- **God het 'n oplossing vir chaos**
- **Sy Woord en Gees kom bymekaar en werk saam**

## Die Woord het vlees geword

Joh 1:1 In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. 2 Hy was in die begin by God. 3 Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. 4 In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense.
5 En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie. 6 Daar was 'n man van God gestuur, wie se naam Johannes was.
7 Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, sodat almal deur hom sou glo. 8 Hy was nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig. 9 Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld. 10 Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie. 11 Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie.

**Joh 1:14 En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid.**

## Gelykenis van die saaier

Mat 13:1-9 en Mat 13:18-23

**Saad word gesaai:**

- **Langs die pad (die wat nie verstaan nie – bose roof)**
- **Rotsagtig (ontvang met groot blydskap maar geen wortel – struikel met verdrukking)**
- **Dorings (maar sorge van die wêreld en verleiding van rykdom verstik die woord en word onvrugbaar)**
- **Goeie grond (woord hoor en verstaan en vrug dra)**

## Die gelykenis van die onkruid

Mat 13:24 'n Ander gelykenis het Hy hulle voorgehou en gesê: Die koninkryk van die hemele is soos 'n man wat goeie saad in sy land gesaai het; 25 maar terwyl die mense slaap, het sy vyand gekom en onkruid onder die koring gesaai en weggegaan. 26 En toe die spruitjies opgeskiet en vrug gevorm het, toe verskyn die onkruid ook. 27 En die diensknegte van die huisheer het gekom en vir hom gesê: Meneer, het u dan nie goeie saad in u land gesaai nie? Waar kry dit dan die onkruid vandaan? 28 En hy antwoord hulle: 'n Vyandige mens het dit gedoen. Toe sê die diensknegte vir hom: Wil u dan hê dat ons dit moet gaan bymekaarmaak? 29 Maar hy antwoord: Nee, dat julle nie miskien, as julle die onkruid bymekaarmaak, die koring daarmee saam uittrek nie. 30 Laat altwee saam groei tot die oes toe, en in die oestyd sal ek vir die maaiers sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring bymekaar in my skuur.

## Die gelykenis van die onkruid - verduidelik

Mat 13:36 Nadat Hy die skare weggestuur het, het Jesus huis toe gegaan; en sy dissipels het na Hom gekom en gesê: Verklaar vir ons die gelykenis van die onkruid in die saailand. 37 En Hy het geantwoord en vir hulle gesê: Hy wat die goeie saad saai, is die Seun van die mens, 38 en die saailand is die wêreld. Die goeie saad—dit is die kinders van die koninkryk, en die onkruid is die kinders van die Bose, 39 en die vyand wat dit gesaai het, is die duiwel. Die oes is die voleinding van die wêreld, en die maaiers is die engele. 40 Net soos die onkruid dan bymekaargemaak en met vuur verbrand word, so sal dit wees in die voleinding van hierdie wêreld: 41 die Seun van die mens sal sy engele uitstuur, en hulle sal uit sy koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en die wat die ongeregtigheid doen, 42 en sal hulle in die vuuroond gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande. 43 Dan sal die regverdiges skyn soos die son in die koninkryk van hulle Vader. Wie ore het om te hoor, laat hom hoor.

## Die gelykenis van die onkruid - verduidelik

- Saaier = Jesus
- Saailand = Die wêreld
- Goeie saad = Kinders van die koninkryk
- Onkruid = Kinders van die Bose
- Vyand = Die duiwel
- Oes = Voleinding van die wêreld
- Maaiers = Engele



VS



## Goeie saad

- Goeie saad (ek en jy)
- Jesus is die Woord
- Jesus Christus woon binne ons deur Sy Gees
- God saai ons (wat die Woord in ons het) binne in ‘n wêreld waar daar chaos en donkerte is.
- Ons moet die vrug van die Gees dra en lig bring



## Slegte saad: Onkruid

- **Ons vyand, die duiwel saai onkruid**
- **Kinders van die bose tussen ons**
- **Ons sal ook verdrukking hê**
- **Struikelblokke sal altyd daar wees (baie keer mense)**
- **Werke en dinge van die vlees is tussen ons**
- **Onkruid verskyn skielik**




## Gees vs Vlees

- **Daar kom vrug (en onkruid) op dieselfde land**
- **Goeie saad en onkruid kompeteer teen mekaar**
- **Altwee gaan saam groei (vers 30)**

- **Die krag van God se woord is egter sterker – God sê "Nee" - beveel om nog nie uit te haal nie.**
- **Lig verdring die duisternis**



VS



# Einde van die wêreld

**Kinders van God**

30....... maar bring die koring bymekaar **in my skuur**

43 Dan sal die **regverdiges skyn** soos die son in die koninkryk van hulle Vader. Wie ore het om te hoor, laat hom hoor.

**Kinders van die Bose (die wat verlore is)**

30 .....Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te **verbrand**

41 die Seun van die mens sal sy engele uitstuur, en hulle sal uit sy koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en die wat die ongeregtigheid doen, 42 en sal hulle in die **vuuroond gooi**. Daar sal geween wees en gekners van die tande.

# Die woord bly vir ewig

**1Pe 1:23 want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly. 25 maar die woord van die Here bly tot in ewigheid. En dit is die woord wat aan julle verkondig is.**



**23 You have been regenerated (born again), not from a mortal origin (seed, sperm), but from one that is immortal by the ever living and lasting Word of God.**
**25 But the Word of the Lord (divine instruction, the Gospel) endures forever. And this Word is the good news which was preached to you.**

**(Amplified Bible)**

# AGS Rayton se Visie

**"ONS VOLG JESUS CHRISTUS, DIE LIG VAN DIE WÊRELD, DEUR TE WANDEL SOOS KINDERS VAN DIE LIG"**



13